The miracles of science™

CORAGEN®

SOUTH AFRICA
Reg. No. L8529 Act No. 36 of 1947

NAMIBIA
Reg. No. N-AR1649 Act No. 36 of 1947

A suspension concentrate stomach and contact insecticide for the control of false codling moth in citrus, African bollworm in hops, potato tuber moth, potato leaf miner and tomato leaf miner moth in potatoes and tomato semi-looper, African bollworm and tomato leaf miner moth in tomatoes, tomato leaf miner moth in eggplant and eldana sugarcane borer in sugarcane.

SUID AFRIKA
Reg. Nr. L8529 Wet Nr. 36 van 1947

NAMIBIË
Reg. Nr. N-AR1649 Wet Nr. 36 van 1947

'n Suspensie konsentraat maag en kontak insekdoder vir die beheer van valskodlingmot in sitrus, Afrika bolwurm in hops, aartappelmot, aartappel bladmyner en tamatie bladmyner mot in aartappels en tamatie-valslandmeter, Afrika bolwurm en tamatie bladmyner mot in tamaties, tamatie bladmyner mot in eiervrug en eldana suikerriet boorder in suikerriet.

INSECTICIDE GROUP CODE	**28**	**INSEKDODER GROEPKODE**

ACTIVE INGREDIENT		**AKTIEWE BESTANDDEEL**
chlorantraniliprole (anthranilic diamide)	200 g/ℓ	chlorantraniliprool (antraniliese diamied)

Net Volume	**500 mℓ, 1 ℓ, & 3 ℓ**	**Netto Volume**

REGISTERED BY /
GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA
(PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P O BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218-8600
Website: www.dupont.co.za

24 Hour/Uur Emergency Number/Noodnommer:
083 123 3911

BATCH NUMBER		LOTNOMMER
DATE MANUFACTURED		DATUM VERVAARDIG

UN No. / VN Nr. 3082

Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™, CORAGEN®, STEWARD®, TANOS®, CURZATE® and TREND® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WAARSKUWINGS:

- **ONTHOUDINGSPERIODES:** Die volgende minimum aantal dae (onthoudingsperiode) moet verloop tussen laaste toediening en oes:

  Sitrus ..... 7 dae
  Tamaties..... 1 dag
  Eiervrug …….. 1 dag
  Suikerriet …… 23 dae
  Hops …… 1 dag

- Hanteer versigtig.
- Dit is onwaarskynlik dat hierdie produk skadelik sal wees wanneer ingeasem word of deur velkontak.
- Hierdie produk is giftig vir waterlewende ongewerwelde diere.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Berg weg van voedsel en voer in die geslote, ge-etiketeerde oorspronklike houer by ‘n temperatuur van nie hoër as 25^{o}C nie.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot hoë residue of ander ongewenste resultate.
- **HERBETREDING:** Moet nie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie.
- Optimale sistemiese werking van **CORAGEN®** berus op translokasie van die aktiewe bestanddele in die behandelde plant. Daarom mag verlaagde effektiwiteit voorkom wanneer stresfaktore soos droogte translokasie belemmer.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Moet nie behandelde gebiede binnegaan alvorens die spuitstof afgedroog het nie.
- Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere dra (langmouhemp, langbroek, skoene met kouse en handskoene).
- Was uself na toediening van die produk.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Indien die produk in kontak kom met die oë, was onmiddellik met baie water.
- Indien ingeneem ontbied ‘n geneesheer of kontak ‘n vergiftigings sentrum.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP, OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE ANDERS AS OP DIE ETIKET AANGEDUI, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Maak toediener skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiding of water kan besoedel nie.
- Spoel die leë houer driekeer uit met ‘n volume water gelykstaande aan ‘n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.

- Vernietig die leë houer deur gate in te kap en plat te druk, en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.

NOODHULP MAATREËLS:

Algemene advies:

Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.

inaseming:

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. Raadpleeg 'n dokter ná beduidende blootstelling.

Velkontak:

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. As dit op die vel kom, spoel goed af met water. Was besoedelde klere voor hergebruik.

Oogkontak:

Hou oog oop en spoel stadig en liggies met water vir 15-20 minute. Indien oog irritasie voortduur, raadpleeg 'n spesialis.

Inname:

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. Raadpleeg ’n geneesheer indien nodig.

WEERSTAND VERKLARING:

Coragen® bevat chlorantraniliprool, 'n groep 28 insekdoder, gebaseer op die internasionale IRAC * Wyse van werking klassifikasie. Herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van Coragen® of ander Groep 28 Insekdoders kan weerstandbiedende insekbevolkings skep. Volg hierdie aanbevelings om die ontwikkeling van weerstand teen insekdoders soos Coragen® te voorkom of te vertraag:
• Moet nie hoër dosisse van Coragen® as die aanbeveel per seisoen vir enige gewas gebruik nie. Verwys na "Gebruiksaanwysings" vir die bepaalde riglyne per gewas.
• Wend Coragen® of ander Groep 28 insekdoders met behulp van 'n "venster" benadering toe om die blootstelling van verskeie opeenvolgende plaaggeslagte aan dieselfde wyse van werkings aksie te vermy. 'n Venster word gedefinieer as die tydperk van nawerking van insekdoders van dieselfde wyse van werking binne 'n geskatte 30 dae.
• Twee opeenvolgende toedienings van Coragen® kan binne 'n behandelingsvenster nuwe groei beskerm of hoë plaagbevolkings beheer.
• Na 'n venster gebruik met Coragen® of ander Groep 28 insekdoders wissel na ‘n effektiewe insekdoder met 'n ander wyse van werking.
• Inkorporeer IPM praktyke (kulturele en biologiese beheer) in die plaagbeheerprogram.
• Monitor insekbevolkings vir die verlies van veld doeltreffendheid.
• Teiken die mees sensitiewe lewenstadium van die plaag, gewoonlik jong larwes.
• As probleme met beheer ervaar word, en weerstand is 'n redelike oorsaak, raadpleeg onmiddelik die plaaslike DuPont verteenwoordiger of landboukundige adviseur vir die beste alternatiewe metode van beheer vir die area.

* IRAC - Weerstand teen insekdoders Aksie Komitee. Vir meer inligting oor insekweerstand besoek die web by http://www.irac-online.org.

IPM EN ANDER VOORDELIGE NIE-TEIKEN INSEKTE:

DuPont ondersteun die gebruik van Geïntegreerde Plaagbeheer (IPM) programme om insekplae te beheer. Hierdie produk kan gebruik word as deel van 'n IPM program, wat kan insluit biologiese, kulturele en genetiese praktyke, gemik op die voorkoming van ekonomiese plaagskade. IPM beginsels en praktyke sluit in veld verkenning of ander opsporing metodes, korrekte teiken plaag identifikasie, monitering van plaag bevolkings, rotasie van insekdoders met verskillende wyses van werking, en die behandeling van teiken plae wanneer hulle plaaslik bepaalde drempelwaardes bereik.

Chlorantraniliprole is 'n produk wat hoogs effektief is in die beheer van insekte en kan nadelige gevolge vir nie-teiken organismes en waterorganismes hê. Om skade te vermy, moet dit versigtig gebruik word in gebiede waar wenslike nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.

Om te voldoen aan Goeie Landboupraktyke:

• Moet nie spuit wanneer bestuiwers aktief is nie.
• Moet nie naby of direk op water bespuit nie.
• Moenie toelaat dat die produk wegdryf van die teikengebied nie.

Lees en volg die etiket in sy geheel vir aanwysings oor die gebruik en bykomende voorsorgmaatreëls. Verstaan en implementeer Goeie Landboupraktyke tydens die gebruik van hierdie produk. Raadpleeg jou plaaslike Agent, Gewas Konsultant of DuPont verteenwoordiger vir meer inligting oor Goeie Landboupraktyke.

Hierdie produk is giftig vir sywurms. Moenie toelaat dat die produk wegdryf na sywurm produksie areas of moerbei boorde nie. Om skade te vermy, moet die produk versigtig gebruik word in gebiede waar wenslike nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.

ALGEMENE INLIGTING:

CORAGEN® beskik oor ‘n unieke werkingsmeganisme deur aan die ryanodien reseptore van insekte te bind en die bogenoemde reseptore te aktiveer. Hierdie aktivering stimuleer die loslating en uitputting van kalsium vanuit die interne stoorplekke van spiere, wat lei tot verswakte spier regulering, verlamming en die uiteindelike dood van die insek. Dood van die plaag vind binne 2-3 dae plaas, maar inhibisie van insekbeweging en voeding vind vinnig plaas.
CORAGEN® is aktief as 'n larfdoder deur inname (maagaksie) en deur kutikulêre absorbsie (kontakaksie).

CORAGEN® beheer hoofsaaklik Lepidoptera insekplae, maar beheer ook sommige insekplae in ander Ordes bv. Coleoptera, Diptera ens.

REËNVASTHEID:

CORAGEN® sal nie deur reën of sprinkelbesproeiing afgewas word nadat die spuitmengsel op die loof en vrugte afgedroog het (wat tot 2 uur kan neem na toediediening) nie en dit behoort dus geen invloed op die normale nawerking van die produk te hê nie. Nieteenstaande kan herhaaldelike abnormale reënval/oorhoofse besproeiing na afloop van toediening die effektiwiteit van die produk verminder.

BEPERKING VAN DIE WINDVERSPREIDING VAN SPUITNEWEL:

Spesiale sorg moet toegepas word om die waai van spuitnewel buite die doelgebied te vermy, veral na damme, waterweë of slote. Die aanwending van groter druppels verminder wegdryf potensiaal, maar dit sal nie kontaminasie verhoed as toedienings onder ongunstige omgewingstoestande gemaak word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die toediener om te bepaal of omgewingstoestande gunstig is vir ‘n toediening sodat spuitnewel verspreiding deur wind nie sal plaasvind nie.

<u>GEBRUIKSAANWYSINGS</u>: **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

VERENIGBAARHEID:

Die tenkmengsel verenigbaarheid van **CORAGEN®** is nog nie volledig ondersoek nie. **CORAGEN®** is verenigbaar met:
Tanos® (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L6564 Wet Nr. 36 van 1947),
Dithane™ M-45 800 WP NT (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L7484 Wet Nr. 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR 1043, Wet Nr. 36 van 1947),
Trend® 90 (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L8207 Wet Nr. 36 van 1947),
H & R Crop Oil (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L6802 Wet Nr. 36 van 1947),
Villa 51 (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L8050 Wet Nr. 36 van 1947),
Break-Thru (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L6764 Wet Nr. 36 van 1947),
Entrée (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L8055 Wet Nr. 36 van 1947),
Bladbuff 7 (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L8121 Wet Nr. 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR 0823, Wet Nr. 36 of 1947) &
Bladbuff 12 (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L8201 Wet Nr. 36 van 1947).
Raadpleeg die etikette van die bogenoemde produkte vir volle besonderhede.

Optimale sistemiese werking van **CORAGEN®** berus op translokasie van die aktiewe bestanddele in die behandelde plant. Daarom mag verlaagde effektiwiteit voorkom wanneer stresfaktore soos droogte translokasie belemmer.

Vir meer inligting aangaande verenigbaarheid kontak u naaste **DuPont™** verteenwoordiger.

Daar word aanbeveel dat gebruikers eers ‘n klein hoeveelheid van die verlangde tenkmengsel met **CORAGEN®** opmaak en kyk vir enige ongewensde veranderinge (afsaksels, vlokkulasie, ens.). Vermy tenkmengsels met verskeie produkte.

TENKMENGSEL VERMENGING:

Spuittoerusting moet skoon en vry van ander plaagdoder neerslae wees voor **CORAGEN®** toegedien word. Maak die spuittenk ¼ tot ½ vol met skoon water. Voeg die verlangde hoeveelheid **CORAGEN®** direk in die spuittenk en vul op met water terwyl aanhoudend geroer word.

TENKMENGSEL VOLGORDE:

Voeg verskillende formuleringstipes tot die mengsel soos hieronder aangedui. Laat tyd toe vir volledige vermenging en verspreiding na die byvoeging van elke produk.
1. Water oplosbare sak.
2. Water dispergeerbare korrels byvoorbeeld Tanos®
3. Benatbare poeiers.
4. DuPont ™ **CORAGEN®** en ander water-gebaseerde suspensie konsentrate.
5. Water-oplosbare konsentrate.
6. Olie gebaseerde suspensie konsentrate.
7. Emulgeerbare konsentrate.
8. Adjuvante, surfaktante, olies.
9. Oplosbare kunsmis.
10. Wegdryf vertragers.

* Tensy anders vermeld deur die vervaardiger gebruiksaanwysings of deur plaaslike ervaring.

GRONDTOEDIENING:

Dien **CORAGEN®** as ‘n volle dekbespuiting met konvensionele spuittoerusting toe, wat korrek gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en die korrekte dosis per hektaar te verkry. In tamaties kan **CORAGEN®** beide as ‘n hoë volume volle dekbespuiting of as ‘n verlaagde volume newelblaser toediening in minimum 500 liter spuitmengsel per hektaar toegedien word.

LUGTOEDIENING:

Lugtoediening van **CORAGEN®** mag slegs gedoen word deur 'n geregistreerde Lugbespuitings - operateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118: 2009 (Aerial Application of Pesticides). Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik om aan die volgende vereistes te voldoen:

• Volume: 'n Spuitmengsel volume van minstens 30 liter per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg nie, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume toegedien word as hierbo aanbeveel.

• Druppelbedekking: 30 tot 40 druppels per cm^2 moet op die teikenarea herwin word.

• Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.

• Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik of klim nie.

• Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.

• Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks in beweeg.

• Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëbol lesing, soos die van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 ° C oorskry nie.

• Stop bespuiting indien die windspoed 15 km / h oorskry.

• Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.

• Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en / of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot die volgende lei:

- Verlaagde effektiwiteit as gevolg van die suspensie en verdamping van klein druppels in die lug (Onvoldoende bedekking op teiken).
- Skade aan sensitiewe gewasse en / of nie-teiken areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teiken area.

• Maak seker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.

Verkry 'n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat word vir toekomstige verwysing.

MAKSIMUM RESIDUVLAKKE:

Maksimum residuvlakke (MRL) en toleransies vir die Invoer van gewasse behandel met DuPont ™ **CORAGEN®** kan dalk nog nie bepaal wees in sommige lande nie. Raadpleeg jou uitvoerder of plaaslike verspreider voor die toediening van **CORAGEN®** op gewasse wat vir uitvoer bestem is.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
AARTAPPELS: Aartappelmot (larwes) *Phthorimaea operculella*	**LOOFTOEDIENING:** 100 mℓ/ha	**VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING**: • Dien **CORAGEN®** toe in 500-1000 ℓ water per hektaar. Verseker deeglike bedekking van alle bogrondse dele. • Dien toe met die eerste teken van infestasie (myne) op die blare of wanneer die aartappelmotte waargeneem word. Die aanwesigheid van hierdie motte is gewoonlik 'n aanduiding dat 'n infestasie op hande is. • Die tyd van opvolgtoedienings behoort op grond van gereelde inspeksie van die betrokke aartappellande plaas te vind. • **CORAGEN®** kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram onder toestande van aanhoudende her-infestasie gebruik word. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer plante aktief groei. • Dit is noodsaaklik om nie 3 toedienings per seisoen met **CORAGEN®** te oorskry nie, insluitend toedienings teen aartappelbladmyner (sien hierna). Die afwisseling van **CORAGEN®** met middels met 'n verskillende wyse van werking bv. **STEWARD® 150 EC** word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings **CORAGEN®** opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. • **CORAGEN®** sal ook Afrika bolwurm (*Helicoverpa armigera*) larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die korrektiewe beheer van Afrika bolwurm in tamaties op hierdie etiket. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **CORAGEN®** toedienings benadeel word nie. • Erd plantrye minstens twee keer per seisoen op. • Laat toedienings van **CORAGEN®**, wanneer plante terugsterf sal nie goeie beheer van aartappelmotlarwes gee nie. • **Die byvoeging van 'n byvoegmiddel bv. Trend 90, Villa 51 H&R Crop Oil of Break-Thru (teen konsentrasies aanbeveel op hulle betrokke geregistreerde etikette) word aanbeveel om bedekking te verbeter.** • **Aartappels kan enige tyd na toediening van CORAGEN® geoes word.** • Vir maksimum **CORAGEN®** toegedien per seisoen in aartappels sien aartappelbladmyner aanbevelings op hierdie etiket.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
AARTAPPELS (VERVOLG): Aartappelbladmyner (larwes) *Liriomyza huidobrensis* Aartappelmot (larwes) *Phthorimaea operculella* Tamatie bladmyner Mot (larwes) *Tuta absoluta*	**LOOFTOEDIENING:** 150-200 mℓ/ha	**VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING**: • Dien **CORAGEN®** toe in 500-1000 ℓ water per hektaar. Verseker deeglike bedekking van alle bogrondse dele. • Dien die hoër dosis van **CORAGEN®** toe wanneer vroeg korrektief onder hoë plaag druk toegedien word. Dien die laer dosis van **CORAGEN®** in opvolgende toedienings toe wanneer in 'n gereelde 7 dae spuitprogram toegedien word. • Dien toe met die eerste teken van steekmerke (die eerste simptome) op die blare (gewoonlik die onderste blare) waargeneem word. • **CORAGEN®** moet in 'n 7 dae spuitinterval spuitprogram onder toestande van aanhoudende her-infestasie gebruik word. • Dit is noodsaaklik om nie 3 toedienings per seisoen met **CORAGEN®** te oorskry nie. Die afwisseling van **CORAGEN®** met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings **CORAGEN®** opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. • **CORAGEN®** sal ook Afrika bolwurm (*Helicoverpa armigera*) larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die korrektiewe beheer van Afrika bolwurm in tamaties op hierdie etiket. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **CORAGEN®** toedienings benadeel word nie. • **Die byvoeging van 'n byvoegmiddel bv. Trend 90, Villa 51 H&R Crop Oil of Break-Thru (teen konsentrasies aanbeveel op hulle betrokke geregistreerde etikette) word aanbeveel om bedekking te verbeter.** • **Aartappels kan enige tyd na toediening van CORAGEN® ge-oes word.** • **Moet nie 'n maksimum van 600 mℓ/ha CORAGEN® in totaliteit per seisoen in aartappels oorskry nie.**
HOPS: Afrika bolwurm (larwes) *Helicoverpa armigera*	**GROND-TOEDIENING:** 20 mℓ/100 ℓ water	**Slegs vir gebruik deur gemagtigde lede van die SA Hop Growers Association en slegs vir die verbouing van hops vir gebruik in Suid-Afrika. SA Hop Growers Association** **Vroeë Korrektiewe Looftoedienings:** • Dien toe in 1000 ℓ water per hektaar afhangende van planthoofte en –digtheid. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieël. • Dien toe wanneer die eerste larwes opgemerk word, gewoonlik vroeg op die jong lote, tydens blom en na blom wanneer die keëls begin vorm. **CORAGEN®** sal larwes van alle stadia van ontwikkeling beheer. • Gereelde inspeksie van hopslande is noodsaaklik om die tydsberekening van die eerste asook opvolgtoedienings, indien nodig, vas te stel. • Dien **CORAGEN®** met 'n spuitinterval van 10–14 dae toe. Gebruik die korter interval vroeg in die groeiseisoen wanneer die plante aktief groei of onder hoë plaagdruk. • Dit is belangrik om nie 2 toedienings per seisoen met **CORAGEN®** te oorskry nie. Die afwisseling van **CORAGEN®** met insekdoders met 'n ander wyse van werking word aanbeveel. Dien die 2 toedienings **CORAGEN®** opeenvolgend toe (= blok bespuiting) voordat daar na insekdoders met ander wyse van werking oorgegaan word. • **Die byvoeging van 'n byvoeg-/benattingsmiddel bv. Trend 90 teen 'n konsentrasie aanbeveel op die betrokke etiket word aanbeveel om bedekking te verbeter.** • ***Hops kan 1 dag na toediening ge-oes word.*** **<u>BELANGRIKE NOTA MET BETREKKING TOT PHI & MRL'S</u>: Die onthoudingsperiode of PHI, naamlik die aantal dae tussen**

		die laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak limiete (MRL's), maar voldoen nie noodwendig aan al die MRL's vir uitvoer gewasse nie. Voordat CORAGEN® toegedien word raadpleeg die lokale DuPont verteenwoordiger.
GEWAS/PLAAG	**TOEDIENINGS-HOEVEELHEID**	**AANBEVELINGS/OPMERKINGS**
SITRUS: Valskodlingmot (larwes) *Thaumatotibia leucotreta* = *Cryptoplebia leucotreta*	17.5 mℓ/hℓ spuitmengsel	Dien **CORAGEN®** as 'n **vol dekbespuiting** teen spuitvolumes wat wissel van 2000 tot 'n maksimum van 8500 liter spuitmengsel per hektaar toe, afhangend van die groote van die bome en groeistadium van die gewas. **Deeglike bedekking van die vrugte is noodsaaklik vir optimale beheer.** **Dien CORAGEN® ten alle tye as deel van 'n geïntegreerde plaagbeheerprogram (GPB) in sitrus toe. CORAGEN®** kan nie op sy eie totale seisoenlange beheer van valskodlingmot verskaf nie. Vir optimum resultate moet **CORAGEN®** toedienings gekombineer, of voorafgegaan word deur ander metodes van valskodlingmot beheer (**soos per Belangrike Nota No 1 & 2 hieronder**). Die effektiwiteit van **CORAGEN®** toedienings kan nadelig beïnvloed word deur hoë infestasie vlakke van die plaag, groot en digte bome, ontoereikende toedienings apparaat, klimaatstoestande en tyd van toediening. Ten einde die toedieningstyd(e) van **CORAGEN®** te optimaliseer word daar aanbeveel dat die aktiwiteit van manlike valskodlingmot motte in die boord (of in geval van 'n paringsontwrigte boord in 'n naby geleë boord) vanaf die begin van Oktober tot die einde van die groeiseisoen voortdurend gemoniteer word. Dien **CORAGEN®** toe as 'n **voorkomende** toediening, wanneer die valskodlingmot vangste begin toeneem in die later deel van die groeiseisoen (vanaf omtrent 16 weke voor die beplande oesdatum) 'n Tweede **CORAGEN®** toediening word aanbeveel teen 'n spuitinterval van 6 tot maksimum 8 weke later. Wanneer **CORAGEN®** gebruik word in boorde waar valskodlingmot aktiwiteit nie gemoniteer word nie, moet die eerste **voorkomende CORAGEN®** toedienining 14 tot 12 weke voor die beplande oesdatum, opgevolg deur 'n tweede **CORAGEN®** toediening 6 tot maksimum 8 weke later, gedoen word. Indien slegs een **voorkomende CORAGEN®** toediening in die vooruitsig gestel word vir beskerming in die periode kort voor oes, moet dit 12 tot 8 weke voor die beplande oesdatum van die gewas toegedien word. Moet nie 2 **CORAGEN®** toedienings per seisoen in totaal oorskry nie en moet nie meer as 3 liter **CORAGEN®** per hektaar per seisoen toedien nie. **Laat 7 dae tussen die laaste CORAGEN® toediening en oes.** **<u>BELANGRIKE NOTA MET BETREKKING TOT PHI & MRL'S</u>: Die onthoudingsperiode of PHI, naamlik die aantal dae tussen die laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak limiete (MRL's), maar voldoen nie noodwendig aan al die MRL's vir uitvoer gewasse nie. Voordat CORAGEN® toegedien word raadpleeg die lokale DuPont verteenwoordiger sowel as die nuutste "Aanbevole Gebruiksbeperkings vir plant beskerming produkte op Suid-Afrikaanse Uitvoer Sitrus" saamgestel deur Citrus Research International and the Sitrus Kwekers Vereniging van Suid Afrika, wat opgedateerde MRL en aanbevole PHI inligting op sitrus wat vir uitvoer bestem is, bevat.**
SITRUS: Valskodlingmot (larwes) (vervolg) *Thaumatotibia leucotreta* = *Cryptoplebia leucotreta*	17.5 mℓ/hℓ spuitmengsel	

BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN VALSKODLINGMOT IN SITRUS:

1. **'n Valskodlingmot paringsontwrigting, biologiese beheerprogram (e.g. Cryptogran®) of 'n steriele insek loslatings (SIT) program word aanbeveel in kombinasie met CORAGEN® toedienings vir optimale beheer van die plaag.**
2. **Goeie boordsanitasie is 'n kritiese deel van valskodlingmot beheer en moet ten alle tye tydens die groeiseisoen gehandhaaf word, ongeag watter ander beheermetode, of kombinasie van beheermetodes gebruik word.**

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
SUIKERRIET: Suikerriet boorder (larwes) *Eldana saccharina*	**GROND-TOEDIENING:** 200 mℓ/ha **LUGTOEDIENING:** **250 ml/ha**	**vroeë korrektiewe TOEDIENING:** • Konstante monitering van suikerrietlande is van kritieke belang om Suikerriet boorder skade te voorkom. • Die gebruik van **CORAGEN®** word slegs aanbeveel wanneer die plante aktief groei. • Optimale sistemiese werking van **CORAGEN®** berus op translokasie van die aktiewe bestanddele in die behandelde plant. Daarom mag verlaagde effektiwiteit voorkom wanneer stresfaktore soos droogte, translokasie belemmer. • Dien **CORAGEN®** as 'n volle dekbespuiting met 'n newelblaser teen 350-500 ℓ water per hektaar toe.Goeie bedekking van alle blare is noodsaaklik. • Begin toedienings in Augustus. Twee toedienings kan gemaak word op 'n 2 maandelikse interval tydperk. Die afwisseling van CORAGEN® met produkte met 'n ander wyse van werking word aanbeveel. • Laat 'n venster van 60 dae toe tussen programme met 'n ander wyse van werking. Lang nawerking van behandelings is dus moontlik - veral in die Februarie / Maart tydperk waar boorder vinnig kan ontwikkel. **LUGTOEDIENING:** Dien toe in minimum van 30 ℓ water per hektaar. • **CORAGEN®** sal larwes van alle stadiums in die lewensiklus beheer. • Moenie 2 toedienings van **CORAGEN®** per seisoen oorskry nie. Indien 'n derde toedienings nodig is, gebruik 'n insekdoder met 'n ander wyse van werking. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie benadeel deur **CORAGEN®** toedienings nie. **Die byvoeging van 'n bevorderingsmiddel / benatter bv Trend® 90 of Villa 51** (teen konsentrasies aanbeveel op hulle betrokke geregistreerde etikette) **word aanbeveel om bedekking te verbeter.** **Sien asseblief belangrike notas hieronder**.

BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN SUIKERRIET BOORDER (*Eldana saccharina*) LARWES OP SUIKERRIET:

Kulturele beheer praktyke:
• Plant nie-besmette saadriet om plantestand te verbeter.
• Vroeë oes kan die impak van suikerriet boorder getalle verlaag aangesien boorder getalle en skade verhoog hoe langer die oes op die lande staan – veral langer as 12 maande.
• Gewasse onder stres is meer vatbaar vir skade, en onder uiterste stres toestande soos droogte, kan skade aansienlik verhoog.
• Die praktyk om swaar besmette oeste te brand tesame met goeie daaropvolgende land higiëne kan die aanvanklike besmetting van nuwe oeste verminder.
• Gedurende oes, is dit belangrik om stingels op grondvlak af te sny aangesien larwes in bogrondse stingelmateriaal kan skuil.
• Die "stoot-trek" suikerriet habitat bestuur is 'n opsie vir biologiese beheer.
• daar is verskille tussen kultivars wat dit weerstand teen stronkboorder aanbetref. Dit is dus belangrik om kultivars te kies volgens die betrokke area se suikerriet boorder risiko.
• Gereelde monitering van suikerriet lande is noodsaaklik om die tydsberekening van die eerste en daaropvolgende toedienings te bepaal al dan nie.
• Moenie 2 toedienings per seisoen in totaal van **CORAGEN®** oorskry nie. Die afwisseling van **CORAGEN®** met produkte met 'n ander wyse van werking (bv **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 **CORAGEN®** toedienings opeenvolgend (= blok toediening) toe voor oorgegaan word na produkte met 'n ander wyse van werking, bv **STEWARD® 150 EC**).

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
TAMATIES: Tamatievalslandmeter (larwes) *Chrysodeixis acuta* Afrika bolwurm (larwes) *Helicoverpa armigera*	**LOOF-TOEDIENING:** 20 mℓ/hL **OF** (200 mℓ/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)	**Vroeë KORREKTIEWE TOEDIENING:** • Dien **CORAGEN®** toe in 500-1500 ℓ water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieël. • Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreede toedienings met newelblaser dien **CORAGEN®** teen 'n dosis van 200 mℓ/ha in 'n nimimum spuitvolume van 500ℓ spuitmengsel per hektaar toe. • Dien **CORAGEN®** toe wanneer die eerste larwes opgemerk word – normaalweg om en by vrugset. • Moet nie meer as 3 bespuitings per seisoen in totaal van **CORAGEN®** maak nie. • Die afwisseling van **CORAGEN®** met produkte met 'n ander wyse van werking (bv **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. • **Sien asb belangrike notas onder.**
Tamatie bladmyner mot (larwes) *Tuta absoluta*	**LOOF-TOEDIENING:** 20 mℓ/hL **OF** (200 mℓ/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)	**Vroeë KORREKTIEWE TOEDIENING:** • Dien **CORAGEN®** toe in 500-1500 ℓ water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieël. • Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreede toedienings met newelblaser dien **CORAGEN®** teen 'n dosis van 200 mℓ/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe. • Om die beste blaar en vrug beskerming te verseker, dien **CORAGEN®** toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op die jong blare opgemerk word. • Moet nie meer as 3 bespuitings per seisoen in totaal van **CORAGEN®** maak nie. • Die afwisseling van **CORAGEN®** met produkte met 'n ander wyse van werking (bv **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. • **Sien asb belangrike notas onder.**

BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN TAMATIEVALSLANDMETER, AFRIKA BOLWURM EN TAMATIE BLADMYNER MOT LARWES IN TAMATIES:

- Gereelde inspeksie van tamatie lande is noodsaaklik ten einde die tydsberekening van die eerste asook opvolgtoedienings, indien nodig, vas te stel.
- **CORAGEN®** kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram gebruik word onder toestande van aanhoudende herinfestasie. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei.
- **CORAGEN® toegedien in 'n 7 dae spuitinterval program sal tot 'n vermindering van 50-80% van Amerikaanse bladmyner (*Liriomyza trifolli*) onder lae tot medium plaagdruk gee. Wissel CORAGEN® onder hoë druk van Amerikaanse bladmyner af met 'n produk wat effektief en spesifiek teen die plaag geregistreer is.**
- Dit is belangrik om nie 3 toedienings per seisoen met **CORAGEN®** te oorskry nie. Die afwisseling van **CORAGEN®** met middels met 'n verskillende wyse van werking) bv. **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings **CORAGEN ®** opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkings meganismes (bv.

STEWARD® 150 EC) oorgegaan word.
- Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **CORAGEN®** benadeel word nie.
- **Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. Trend® 90, Villa 51 of Entree (teen konsentrasies aanbeveel op hulle betrokke geregistreerde etikette) word aanbeveel om bedekking te verbeter.**
- **Tamaties kan een dag na toediening ge-oes word.**
- **Moet nie 'n maksimum van 600mℓ/ha CORAGEN® in totaliteit per seisoen in tamaties oorskry nie.**

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
EIERVRUG: Tamatie bladmyner mot (*Tuta absoluta)* (larwes)	**LOOF-TOEDIENING:** 20 mℓ/hL **OF** (200 mℓ/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)	**Vroeë KORREKTIEWE TOEDIENING:** • Dien **CORAGEN®** toe in 500-1500 ℓ water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieël. • Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreede toedienings met newelblaser dien **CORAGEN®** teen 'n dosis van 200 mℓ/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe. • Om die beste blaar en vrug beskerming te verseker, dien **CORAGEN®** toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op die jong blare opgemerk word. • Moet nie meer as 2 bespuitings per seisoen in totaal van **CORAGEN®** maak nie. • Die afwisseling van **CORAGEN®** met produkte met 'n ander wyse van werking (bv **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel • **Sien asb belangrike notas onder.**

BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN TAMATIE BLADMYNER MOT LARWES IN EIERVRUG:

- Gereelde inspeksie van eiervrug lande is noodsaaklik ten einde die tydsberekening van die eerste asook opvolgtoedienings, indien nodig, vas te stel.
- **CORAGEN®** kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram gebruik word onder toestande van aanhoudende herinfestasie. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei.
- Dit is belangrik om nie 2 toedienings per seisoen met **CORAGEN®** te oorskry nie. Die afwisseling van **CORAGEN®** met middels met 'n verskillende wyse van werking) bv. **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 toedienings **CORAGEN ®** opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkings meganismes (bv. **STEWARD® 150 EC**) oorgegaan word.
- Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **CORAGEN®** benadeel word nie.
- **Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. Trend® 90, Villa 51 of Entree (teen konsentrasies aanbeveel op hulle betrokke geregistreerde etikette) word aanbeveel om bedekking te verbeter.**
- **Eiervrug kan een dag na toediening ge-oes word.**
- **Moet nie 'n maksimum van 400 mℓ/ha CORAGEN® in totaliteit per seisoen in eiervrug oorskry nie.**

ERKENNING VAN GEREGISTREERDE PRODUKTE:

- H & R Crop Oil (**SUID AFRIKA** Reg. no L6802 van Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van H & R South Africa Sales (Pty) Ltd
- Break-Thru (**SUID AFRIKA** Reg. no L6764 van Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van Evonik Degussa Africa (Pty) Ltd
- Entrée (**SUID AFRIKA** Reg. no L8055 van Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van Miller Chemicals SA (Pty) Ltd
- Dithane™ M-45 800 WP NT (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L7484, Wet Nr. 36 of 1947; **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR 1043, Wet Nr. 36 of 1947) is die geregistreerde produk van Dow Agrosciences.
- Bladbuff 7 (**SUID AFRIKA** Reg. no L8121 van Wet 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR 0823, Wet Nr. 36 of 1947) en Bladbuff 12 (Reg. no L8201 van Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van Nulandis (Pty) Ltd
- Villa 51 (**SUID AFRIKA** Reg. no L8050 van Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van Villa Crop Protection (Pty) Ltd
- Trend®90 (**SUID AFRIKA** Reg. no L8207 van Wet 36 van 1947) , Steward®150 EC (**SUID AFRIKA** Reg. no L8435 van Wet 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR 1021, Wet Nr. 36 of 1947) & Tanos® (**SUID AFRIKA** Reg. No. L6564 Act No. 36 of 1947) is die geregistreerde handelsmerke van E.I. DuPont de Nemours & Co.